RELIGIESTUDIES

Beste Graad 12-leerder
Religiestudies is daarop gemik om ons lewens te ontwikkel en na te dink en in dit die geredskap te vind om ons beste lewens te leef. RS lei tot die erkenning, begrip en waardering van 'n verskeidenheid godsdienste binne 'n gemeenskaplike menslikheid, in die konteks van die lewering van afgeronde positiewe, bydraende lede van die samelewing

Vakvereistes
'n Handboek, 'n werkboek

Inhoudskontrolelys
Hieronder is 'n opsomming van die inhoud wat aangespreek moet word in Religiestudies. Maak seker dat jy al die onderwerpe in jou hersieningsprogram insluit.

1. Verskeidenheid van Religieë
- Konsepte: identiteit, uniekheid, eenheid, ooreenkoms, verskil en vergelykbaarheid met betrekking tot religieë
- Interne verskille binne 'n aantal religieë
- Unieke kenmerke van verskeie religieë
- Inter-religieuse verhoudings in Suid-Afrika, Afrika en internasionale gemeenskappe

2. Algemene eienskappe van religie as 'n generiese en unieke verskynsel
- Die rolle van leringe in 'n verskeidenheid religieë
- Die sentrale leer van een religie
- Mondelinge, geskrewe en kontemporêre bronne in verskeie religieë
- Normatiewe bronne of tradisies in een religie
- Sekulêre wêreldbeskouings

3. Aktuele aangeleenthede in die samelewing
- Religieuse vryheid, menseregte en verantwoordelikhede in verskillende religieë
- Strategieë om oplossings te soek vir groot sosiale probleme
- Die rol van die media met verwysing na religie

4. Navorsing oor religie en oor religieë heen
- Religie in areas van onlangse konflik in Suid-Afrika, Afrika en oor die wêreld: identifiseer en ontleed twee of drie areas van onlangse konflik. Bepaal of religie deel is van die oorsaak of van die oplossing
- Religie en die natuurwetenskappe: ondersoek die verhouding tussen religie en die natuurlike wetenskappe met verwysing na sieninge van die skepping en evolusie
- Spesialisering in een religie

Assessering
Die assessering bestaan uit twee dele:

Skoolgebaseerde assessering beslaan 25% van die totaal. Dit word verkry deur:
- 1 toets **300 punte**
- 2 Eksamens Junie + Sept (150 x 2) **300 punte elk**
- 2 Geskrewe take:
  - Brongebaseerd **100 punte**
  - Projek **100 punte**

Die finale eksterne eksamen beslaan 75% van die totaal
- Die eksamen bestaan uit 2 vraestelle van 2 uur lank. Elke vraestel tel 150 punte, d.i. **2 X 150 = 300 punte**

Onderwerpe moet in elke vraestel behandel word	
Graad 12 Vraestel 1 (150 punte)	**Graad 12 Vraestel 2 (150 punte)**
Beantwoord 3 vrae. Vraag 1: Verpligtend Kies 2 uit afdeling B	Beantwoord 3 vrae.
Konseptuele onderskeidings; Waardering vir die uniekheid van verskeie godsdienste Godsdienstige leerstellings	Die afdeling oor Aktuele Kwessies in die samelewing sal n reeks relevante temas dek. Die spesifieke onderwerpe wat geassesseer sal word , sal bevestig en gelei word deur die amptelike Eksamenriglyne.
Godsdiensvryheid, menseregte en verantwoordelikheid.	Die sentrale leerstellings in een godsdiens (met spesialisering in EEN godsdiens)
Mediadekking oor openbare kwessies wat godsdiensimplikasies het	Die rol van rituele in godsdiens.
Godsdiens in gebiede van onlangse konflik in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld.	Interne verskille (met spesialisering in EEN godsdiens) met verwysing na Leeringe Bestuur en Praktyke.
	Geskiedenis en hedendaagse dinamika van intergodsdienstige verhoudings in Suid-Afrika sowel as in die internasionale gemeenskap
	Normatiewe bronne in verskeie godsdienste
	Hermeneutiese beginsels: Maniere om normatiewe bronne te interpreteer
	Godsdiens en die wetenskappe
	Ontleding van ten minste TWEE sekulêre wêreldbeskouings: ateïsme, agnostisisme, humanisme en materialisme.

Wenke vir sukses
- Religiestudies sluit baie selfstudie in. Lees soveel bronne as moontlik.
- Vir die eksamen moet jy fokus op die ondersoek van 'n reeks bronne om sodoende verskillende religieë te kan vergelyk en om generiese kwessies met betrekking tot religieë te analiseer en te interpreteer.
- Maak seker dat jy jou kennis van Religiestudies in enige gevallestudie of voorbeeld kan toepas wat in die vraestelle gebruik word.

SKANDEER MY!
Religiestudies Oorsig

Gr 12 LO Hersieningsboekie
https://docs.google.com/document/d/1Fh0H70PVuj__mkXdPcFdRSbGCGUMs7uN/edit?usp=sharing&ouid=105144703281639197613&rtpof=true&sd=true